

## HOOFSTUK 6

### 'N SAMEVATTING VAN ADV. JANSEN SE ROL IN BELANG VAN DIE DIE AFRIKANERS IN NATAL

In hierdie studie is gepoog om adv. Jansen se ongeëwenaarde rekord van volksdiens in Natal te beskryf.

Soos in die inleidende hoofstuk gestel, is die werk deur 'n oorsig oor die kultuursituasie in Natal en die faktore en omstandighede wat die ontluikende volksgevoel in Afrikanergeledere ten grondslag gelê het, ingelui.<sup>1)</sup>

Dit het die milieu gevorm waarin E.G. Jansen opgegroeï, geleef en gewerk het. 'n Milieu wat so oorweldigend onsimpatiek en volksvreemd was dat dit hom magteloos en moedeloos gemaak het. Dit was juis dié milieu, met sy oorheersende Engelsgeoriënteerde kultuurpatroon waarin hy geleef het, wat sy lewensmissie by hom laat posvat het. Dit het die besef by hom laat posvat dat sy plig en taak juis in Natal gelê het om hier al sy kragte in belang van die Natalse Afrikaner aan te wend.<sup>2)</sup>

Hierdie bewonderingswaardige roeping het tot E.G. Jansen se ongeëwenaarde rol in belang van die Natalse Afrikaners gelei. Die knap man het hom binne die bestek van 'n paar jaar as leiersfiguur in Natalse Afrikanergeledere onderskei. 'n Posisie wat deur menige dade van offervaardige gemeenskapsdiens, 'n navolgingswaardige leiersrol, 'n edel inbors, gematigde persoonlikheid en vriendelike geaardheid opgebou is. Hy is ook deur 'n vrou wat hom in alles bygestaan het, onderskraag. Die Jansenegpaar het mettertyd 'n Afrikaneroase in die Britse vesting Pietermaritzburg gevestig. Hul lewensmissie en invloed was 'n spoorslag vir volksgenote om beter landsburgers en opregter Afrikaners te wees.<sup>3)</sup>

In sy geheel gesien vorm die voorafgaande hoofstukke 'n beeld van die rol wat E.G. Jansen op 'n verstommende breë front in Natal gespeel het.<sup>4)</sup>

In elkeen van die voorafgaande hoofstukke is 'n aspek van E.G. Jansen se rol in Natal beskryf. Hoewel elk van die aspekte selfstandig ontwikkel het en dit ook so beskryf en beoordeel is, vorm dit retrospektief die onderdele van die merkwaardige proses van kulturele ontwaking wat in die geleedere van die Natalse Afrikaners plaasgevind het. Sonder 'n beeld oor die rol wat E.G. Jansen in dié verband gespeel het, kan die opkoms van die Natalse Afrikaner nie na regte verstaan en beoordeel word nie.<sup>5)</sup>

Die lewenslange rol wat E.G. Jansen in Natal vervul het, is deur sy aktiewe betrokkenheid op haas elke lewensterrein gestimuleer en ontwikkel. Dit het in verskeie fases verloop.

Nadat E.G. Jansen hom in 1902 in Pietermaritzburg gevestig het, het hy hom tot aan die einde van 1905 met privaatstudie besig gehou. Afkomstig van 'n kerkvaste huisgesin het hy dadelik by die N.G.-Voortrekkergemeente se aktiwiteite ingeskakel.<sup>6)</sup> Hierdie kerklik georiënteerde aktiwiteite het hom in kontak gebring met die behoeftes en ontwikkelingsideale wat vir sy volksgenote gekoester is. Sy toetrede tot die gemeenskapslewe val saam en is ook beïnvloed deur die ontluikende volksgevoel wat deur die Tweede Taalbeweging aangewakker is.<sup>7)</sup>

Hierdeur is hy by die eerste naoorlogse politieke-, taal-, debats- en kultuurhistoriese beweging in Pietermaritzburg ingeskakel. Die intense persoonlike betrokkenheid by plaaslike sake in Pietermaritzburg het

vanaf 1906 tot ongeveer 1917 geduur. Gedurende hierdie fase was adv. Jansen een van 'n klein groepie leiersfigure wat op 'n kragdadige wyse 'n georganiseerde grondslag vir die opkoms van die Natalse Afrikaner gelê het.

Teen 1910 was E.G. Jansen die eerste sekretaris van die Pietermaritzburgse Boerevereniging, die sekretaris van Het Kongres, die eerste voorsitter van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, 'n funksionaris in die Geloftekerkie se bewaringsaksie, stigterslid van en Natalse verteenwoordiger in die Suid-Afrikaanse Akademie, wat vir hom die beeld van 'n toegewyde bekwame en geleerde Afrikanerleier geskep het.<sup>8)</sup>

Gedurende 1910-1917 het hy ervaar hoe die ontluikende selfbewussyn van die Natalse Afrikaners vir hom groter verantwoordelikhede meegebring het. Hy het sy volksgenote se politieke organisasies gekoördineer, die ontplooiing van die Debatsverenigingsideaal in Natal gelei, in die Waaksaamheidskommissie en in die Organisasie van Hollandse Taalvriende as brandwag vir sy taalbelange opgetree en die inisiatief geneem in die onderneming om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig. In persoonlike hoedanigheid het hy die Nasionale Party tydens 'n verkiesing verteenwoordig en as mederedakteur van tydskrifte die wêreld van die perswese betree.<sup>9)</sup>

Hierdie intense betrokkeheid by Natalse gemeenskapsake het hom in hierdie fase as dié jong opkomende leiersfiguur in die geledere van die Natalse Afrikaners gevestig. In hierdie opsig is hy ook deur sy vrou se rol in Natal ondersteun. Mev. Mabel Jansen het ook op kulturele en politieke vlak baanbrekerswerk in Natal, met hope inisiatief en dryfkrag verrig. Die leiersrol het hy ook ten koste van eie gewin uitgevoer. Sy aangename persoonlikheid en ewewigtige geaardheid het aan adv. Jansen 'n besondere charisma gegee.<sup>10)</sup>

Vanaf 1917-1929 het hy die intimiteit waarmee hy sy plaaslike gemeenskap gedien het verminder en toenemend op provinsiale en nasionale vlak betrokke geraak. Met meer selfvertroue, meer ervaring en kundigheid het hy in dieselfde maat op die vlak bekendheid verwerf.

Gedurende hierdie fase is sy leiersrol in Natalse Afrikanergeledere bevestig. Hy het die perswese as mondstuk vir Afrikanerbelange geëksploiteer. Die taalstryd was gedurende die fase die speerpunt van die Natalse Afrikaner se kultuurstryd. E.G. Jansen het in dié verband die grondslag vir die suksesbestaan van die Saamwerk-Unie as kulturfederasie gelê. Hy het deur middel van die Waaksaamheidskommissie en Organisasie van Hollandse en Afrikaanse Taalvriende die moedertaalstryd in die onderwys gevoer. Sy betrokkenheid by die bevordering van Afrikaans het in 1928 met die amptelike erkenning van die Saamwerk-Unie se Afrikaanse taaleksamens, as 'n persoonlike triomf vir hom geëindig.<sup>11)</sup> Ondertussen het hy die regering tot groter deelname in die bewaringsaksie van die Geloftekerkie probeer oorhaal.<sup>12)</sup> Hy het les bes ook 'n leidende rol gespeel om die saak van die Nasionaliste in Natal te vestig. Dit was juis hierdie politieke bedrywighede wat hom uit Natal sou wegtrek.

Gedurende die volgende fase, sedert 1930, was adv. Jansen 'n deelgenoot van die Afrikaner se skeppende selfbewussyn op politieke en kultuurgebied. Hoewel die Jansens sedert 1929 in Pretoria gevestig was en Natal op indirekte wyse gedien het, het hy altyddeur Nataller gebly. Sy Natalse lojaliteit en verbondenheid het hy by herhaling herbevestig.<sup>14)</sup> Hoewel sy politieke rol in die tyd die eb en vloed van die Suid-Afrikaanse politiek weerspieël het, was dit juis sy onpartydige ewewigtigheid binne en buite die Volksraad en sy rol in die Voortrekkermonumentideaal, wat vir hom blywende roem verwerf het.<sup>15)</sup>

Die wyse waarop hy sukses, maar ook teëspoed, met meer vasberade ywer beantwoord het, het die kroon oor die kwaliteit van sy leiersrol gespan.

W. van Heerden het dié kwaliteite van E.G. Jansen treffend beskryf. "Want hy was 'n fyn mens, 'n heer by uitnemendheid, 'n ridder in denke en in omgang, 'n toonbeeld van gepoleerdheid sonder gekunsteldheid en met die waarmerk van beskawing en beskaafde gedrag tot in sy geringste handeling of die eenvoudigste woord uit sy mond."<sup>16)</sup>

Hierdie kwaliteite het ook van E.G. Jansen 'n waardige staatshoof gemaak. Naas sy veeleisende verpligtinge as goewerneur-generaal het hy sy rol in belang van die Natalse Afrikaners tot sy dood toe vervul.

Die rol wat E.G. Jansen in belang van die Natalse Afrikaners gespeel het, moet in die lig van sy gemeenskapsbewussyn gesien word. Hy het as jongman die agterstand van sy volksgenote teenoor die Engelssprekendes ervaar. Die naoorlogse kulturele opheffingsdrif, wat hom landswyd in Afrikanergeledere voltrek het, het E.G. Jansen ook meegesleur. As gebore Nataller wat deur die eiesoortige lewensomstandighede in die provinsie gelouter is, het hy en 'n klein groepie leiersfigure die grondslag van 'n sonderlinge kultuurproses gelê.

**Die Nataller** se waardering oor dié rol van E.G. Jansen het getoon waarom hy as dié kultuurdoyen van Natal beskou word.

Volgens die blad is die dood van E.G. Jansen in geen ander deel van die land so diep gevoel as in Natal nie. "Meer as enige ander

bevolkingsdeel sal die Afrikaners van Natal treur oor die heengaan van Ernest Jansen. Want hoewel die betekenis van sy werk en lewe baie ver buite die grense van die provinsie strek, was dit in die braak grond van die Natalse Afrikanerstryd dat hy sy eerste en in 'n sekere sin, diepste spore getrap het. Op die gebied van die kultuur, op die gebied van die Afrikaner-politiek en selfs op die gebied van die kerklike en opvoedkundige lewe, het hy hier fondamentstene gelê waarop so lank as wat die stryd mag voortduur, gebou sal word.

"Bowe-al sal die mens Ernest Jansen onthou word: hy wie se grootheid in bescheidenheid en menslikheid en sagsinnigheid gelê het."<sup>17)</sup>

Hierdie persepsie van E.G. Jansen se rol is gebonde aan die skrywer se visie, wat relatief gesproke moet verskil van die persepsie wat ander skrywers oor die onderwerp het. Dit is daarom nodig om die laaste paar gedagtes in die resumé van die werk, aan hierdie aspek te wy.

In 'n studie soos die onderhawige is dit moeilik om prinsipiël oor die kultuurontwikkeling van die Natalse Afrikaner, soos dit in die inleidende hoofstuk uiteengesit is, te besin. Die funksionering van die sogenaamde sosiale-aksie-sisteem, dit is die samelewing, die mens en die kulturele stelsel, tree in retrospeksie uit die verskillende hoofstukke na vore.<sup>18)</sup>

Daar is gewys hoe die Natalse samelewing teen 1906 ontwikkel het. Die beeld van 'n oorheersende Britse samelewing wat geskets is, word ook in die sensus van 1904 weerspieël. Uit hierdie sensus blyk dit dat slegs 16 000 van die 97 109 blankes wat in daardie stadium in Natal gewoon het Afrikaans was.<sup>19)</sup> Hierbenewens is die ontwikkelende kulturele stelsel van die Afrikaners in Natal ook beskryf. Uit 'n prinsipiële oogpunt gesien

ontstaan die vraag oor watter rol en invloed 'n individu in so 'n sosiale-aksie-sisteem kan hê? Watter invloed kan die tydsgees, byvoorbeeld, op 'n individu se rol en die sosiale-aksie-sisteem uitoefen? Was die tydsgees na 1908 nie net reg om die latente potensiaal van die Natalse Afrikaner te aktiveer, sodat uitsonderlike kultuurprestasies deur enkelinge behaal kon word nie. Die feit bly egter staan dat min ander mense só 'n invloed kon laat geld het as wat E.G. Jansen gedoen het.

In dié verband moet daar ook na die persepsie van ander skrywers oor aanverwante temas verwys word. Mev. T. Jacobs<sup>20)</sup> wat oor mev. M.M. Jansen gewerk het, het hoofsaaklik op die M.M. Jansenversameling in INEG gekonsentreer. In **Die Afrikaner** en in die Saamwerk-Unieversamelings te INEG en die Natalse Argief, is daar kostelike inligting oor mev. Jansen se Natalse rol te vinde. Dit sou dié navorser se persepsie oor mev. Jansen se aandeel in die kultuurontwikkeling van die Natalse Afrikaner verstewig het. Die werk van O.J.O. Ferreira<sup>21)</sup> oor die Sentrale Volksmonumentekomitee toon eweneens 'n gebrekkige agtergrond oor die Natalse aanloop wat die stigting van die komitee ten grondslag gelê het.

Adv. Jansen se politieke en kulturele rol op nasionale vlak is nog 'n aspek wat verdere navorsing verdien. In dié verband kan die negatiewe persepsie wat oor adv. Jansen se politieke loopbaan bestaan genoem word. J.M. Aucamp<sup>22)</sup> en T.R.H. Davenport<sup>23)</sup> is van die skrywers wat E.G. Jansen nie as 'n "harde" politikus beskou nie. Die geskiedenis van die Nasionale Party wat tans deur die Instituut vir Eietydse Geskiedenis geskryf word, sal uiteindelik moontlik meer lig hierop werp. Adv. Jansen as lewenslange ondersteuner van die konsiliasiepolitiek verdien ook meer aandag, terwyl sy rol as kultuurdoyen in Afrikanergeledere nog 'n onderwerp is wat die persepsie oor die kultuurontwikkeling van die Afrikaner in die algemeen sal verbreed.

Hierdie studie oor E.G. Jansen se rol in belang van die Natalse Afrikaner vul die persepsie oor die belangrikste kultuurprestasies van dié volksgroep, gedurende die eerste helfte van die eeu, aan. Die waarde van die soort studie is daarin geleë dat dit moeilik bekombare primêre bronne ontgin. Dit, tesame met ander soortgelyke studies wat reeds oor aanverwante temas verskyn het, maak 'n prinsipiële werk oor die opkoms en ontwikkeling van die Afrikanerkultuur in Natal moontlik.



**VOETNOTE : HOOFSTUK 6**

- 1) Kyk pp.10, 25.
- 2) Kyk p.186, vergelyk ook p.191 e.v.
- 3) Kyk p.81 e.v.; p.83 e.v.; p.92 e.v.; p.126 e.v.; p.112 e.v.; pp. 212, 242.
- 4) Vergelyk J.C. Moll, Ernst George Jansen, in Handhaaf, jrg. 19, nr. 1, September 1981, p.11.
- 5) Vergelyk Die Transvaler, 27.11.1959 : Hoofartikel.
- 6) G.S. Nienaber, Ernst George Jansen, 'n Oordruk uit : Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1961-1962, p.183.
- 7) Kyk p.188 e.v.
- 8) Kyk pp.37, 39, 192, 217, 382.
- 9) Kyk pp.46, 251, 225, 357, 152.
- 10) Die Transvaler, 26.11.1959 : Berig; kyk p.268, 82, 75, 94.
- 11) Kyk p.272 e.v.
- 12) Kyk p.341 e.v.
- 13) Kyk p.54 e.v.
- 14) Kyk pp.82, 85, 121, 260, 283, 406, 418, 477.
- 15) Kyk pp.105 e.v., 122, 469.
- 16) Dagbreek en Sondagnuus, 29.11.1959 : Berig.
- 17) Die Nataller, 27.11.1959 : Hoofartikel en berig.
- 18) Kyk p.3.
- 19) Natal Yearbook 1908, p.3.
- 20) T. Jacobs, Martha Mabel Jansen (1889 tot 1979) - 'n Kultuuroorsig.
- 21) O.J.O. Ferreira, Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee en 'n Volk se hulde.

- 22) J.M. Aucamp, Dr. E.G. Jansen as Minister van Naturellesake 1948-1950, p.49.
- 23) T.R.H. Davenport, South Africa, A modern history, pp.266, 267.

## S U M M A R Y

### THE ROLE PLAYED BY E.G. JANSEN IN THE INTEREST OF THE THE AFRIKANERS IN NATAL

The purpose of this study is to analyse the extensive services delivered to the people in Natal by E.G. Jansen. This analysis also presents an image regarding the most important cultural achievements obtained by the Afrikaners in Natal, during the first half of the century.

The necessity of this study lies in the fact that it analyses the fundamentals of the cultural awakening of the Afrikaners in Natal, during the first half of the century. The dominant British character of Natal is another aspect which emphasizes the necessity of this study. It is noticeable that even the literature on Natal strengthens the image of Natal as predominantly English-speaking. Therefore this work is supplementary to the existing literature on the Afrikaners in Natal.

E.G. Jansen was born in the Dundee district, on 7 August 1881. He grew up in Northern Natal and matriculated at Durban Boys' High in 1898. In 1901 he obtained a B.A. degree, and an LL.B degree in 1905. In 1906 he started to practise as an attorney and in 1908 he was called to the bar. In 1902 E.G. Jansen started working as an articled clerk in Pietermaritzburg. At that stage English social/culture patterns dominated the life in the community. One reason for that was that only a small number of Afrikaansspeaking people lived in the capital at that stage. The population census of 1904 revealed that of the 97 109 Whites living in Natal, 16 000 were Afrikaners.

The small Afrikaans-speaking population in Pietermaritzburg had no influence, whatsoever, on life in the community. Their attention was

centred mainly around the activities of the Dutch Reformed Congregation.

On joining life in the community, Adv. Jansen also became involved in the activities of his church. He gave evening classes to boys in the vestry, joined the Christian Endeavour Society and supported his church's activities as deacon, organist and Sunday-school teacher.

In the meantime, J.S.M. Rabie, editor of **De Afrikaner**, carried the post war cultural awakening, which occurred countrywide in the ranks of the Afrikaner, into Natal, by means of his paper. This clarion call was not without success.

Afrikaners from Northern Natal persuaded Adv. Jansen to join the activities of the Boer Society, Het Kongres. His acceptance as member of the Boer Society led to his career in services to the people. He sacrificed a career which earned him a good living and gave him security for the ideal of serving his fellow-citizens.

By 1906, the Afrikaners in Pietermaritzburg started to leave their church lager and founded a Boer Society and later on a Debating Society. They also started preserving their buildings in commemoration of the Voortrekker founders of the city. E.G. Jansen was concerned in all these attempts. These activities of the Afirkaners caused the Editor of **De Afrikaner** to observe optimistically that the "sleeping" citizens in the Voortrekker capital were "awakening".

These first signs of cultural awakening in the ranks of the Afirkaners in Pietermaritzburg, spread to other Afrikaner communities. E.G. Jansen,

together with a small group of fighters for the maintenance of culture, started setting the cultural pace in Natal, by using **De Afrikaner**.

E.G. Jansen and his fellow-fighters encouraged the Afrikaner communities which sprang up like mushrooms, to get in touch with one another. In this way the basis for the cultural awakening of the Afrikaner in Natal, was laid. This mutual contact caused the societies to become the nurseries of the cultural possession of the Natal Afrikaner. In this regard the approximately twelve societies had to serve as antipodes for the several Victorian nurseries which gave the British pulsation to Natal.

The value of the Afrikaans societies can hardly be over-estimated. Apart from uniting the Afrikaners, these social gatherings also encouraged participation. Besides Dutch, members were enthusiastically busy talking, writing, reciting and singing Afrikaans, as well as studying their history. This involvement of the Afrikaners with their cultural properties paved the way for organized action.

The involvement of Adv. Jansen and Prof. G. Besselaar with the S.A. Academy, led to the founding of the vigilance committees in Natal. This organization heralded the first phase of the struggle to establish our mother tongue in Natal schools. "**The Organization of Friends of the Dutch and Afrikaans Languages**" in Natal, which was founded as a result of these activities, successfully carried through the movement of protest for equal language rights under leadership of intellectual students of the Afrikaans language, such as Jansen.

This success led the budding self-consciousness of the Natal Afrikaners to new heights. In Pietermaritzburg, the ardency of E.G. Jansen and his group of fighters for the maintenance of culture, led to the founding

of the first cultural federation in the country. "**The Union for Co-operation of Natal Societies**" can be regarded as a cultural dynamo amid the culture ranks. The modern notion to oppose the "**Language Association**" (Taalbond) at the first Afrikaans Language examinations, was the **Union for Co-operation's** greatest achievement. This initiative accelerated the official recognition of Afrikaans.

Another group of Pietermaritzburg citizens, including Adv. Jansen, studied the history of the Voortrekkers, furnished a Voortrekker museum in the Church of the Covenant and pursued an ideal which eventually led to the erecting of the Voortrekker Monument.

Adv. Jansen, in the meantime, also joined in the political activities of the Natal Afrikaners. In a province, dominated by English politics, the achievements of this little group of Nationalists at the ballot-box, appeared amateurish. Although the National Party only managed to win a seat in Natal in 1921, and although they never really posed a threat to the United Party afterwards, E.G. Jansen laid the foundation of Nationalism in Natal.

E.G. Jansen also carried a singular philosophy of life into Natal. He encouraged his fellow-citizens to be intellectual builders. He believed that if one's mind is developed, one's spiritual eyes will also be opened. He believed that if one is given a true understanding of life, of the universe and of himself, then his complacency will also wilt. As a result of this he will develop a reverence for God. Jansen also believed that if one's self-esteem is elevated, one must be loyal to oneself, to his people and to God.

As cultural leader, Jansen taught his fellow citizens that they had within themselves the power which would enable them to maintain a footing and which would protect them against foreign influences. Being a moderate person, he also believed that the future of this country lay in co-operation between people. He did not regard conciliation as a political trump card, but as an attitude towards life which he practised throughout his life.

Although E.G. Jansen delivered active service to his people on a national level, he mainly served his fellow-citizens in Natal. In a gripping public career, he was one of the first persons to further Afrikaans as a spoken and a written language; he established Afrikaner nationalism in Natal; he furthered the symbols of the Afrikaner culture in words, achievements and writing, committees and diverse organizations; he united the memory of the Voortrekkers in a museum, in monuments and in books and in doing so he gave form to the mythologization of the role played by the Voortrekkers.

Above all, E.G. Jansen was a sensitive person, a gentleman par excellence in thought and conduct, polished and sincere, one who carried the hallmark of good breeding with distinction. This made him an exceptional advocate, a fighter for his language, a cultural leader and a leader of the people, conservationist, editor, speaker of parliament, minister and Governor-General.

**BYLAE****'N KORT LEWENSKETS VAN ERNEST GEORGE JANSEN****7 AUGUSTUS 1881 – 25 NOVEMBER 1959**

- 1859 - E.G. Jansen se grootvader was Alexander Arnoldus Jansen, wat in Parys (Frankryk) met Esurlie Ladrière getroud is. Die egpaar het hulle in Holland gevestig. Na die afsterwe van sy eggenote het Alexander Jansen in 1859-1860, met sy vier kinders na Natal verhuis.

Die kroos het Adrian Louis Jansen (E.G. Jansen se vader), A.A. Jansen, Auguste Jansen en Lucie Jansen geheet.

Alexander Jansen is kort na sy aankoms in Natal oorlede en die kinders moes vir hulleself 'n heenkome gevind het. A.L. Jansen was ongeveer 14 jaar oud met die gesin se verhuising. Die Jansenkinders het hulle in Noord-Natal op plase gevestig. A.L. Jansen het ook as vrederegter en magistraat in sy distrik opgetree. A.A. Jansen het later landdros van Lydenburg geword. Lucie Jansen is met W.S. Naude getroud.

A.L. Jansen is met die weduwee Cornelia Carolina Boshoff getroud. Sy was 'n kleindogter van die Voortrekker G.P. Kemp wat hom in Natal gevestig het. A.L. Jansen was Cornelia se derde eggenoot. Na die dood van haar eerste man, ene Wohlit, is sy met J.S. Boshoff getroud. A.L. Jansen is in 1916 en Cornelia in 1943 oorlede.<sup>1)</sup>

- 1881 - Uit die huwelik van Adrian en Cornelia is Ernest George Jansen op 7 Augustus 1881 op die plaas Strathearne in die



distrik Dundee gebore. Hy is na sy Duitse grootvader – Ernst Georg vernoem. As gevolg van 'n spelfout op sy doopsertifikaat is hy egter foutiewelik as Ernest George gedoop.<sup>2)</sup>

- In die yl bewoonde Noord-Natal het E.G. Jansen sy eerste skoolopleiding van sy vader ontvang. Hierna was hy 'n leerling van 'n plaasskool, maar 'n inspekteur het voorgestel dat die jong Ernest na 'n dorpskool gestuur moes word.
- 1892 - Ernest is op elfjarige ouderdom na die dorpskool op Ladysmith waar hy by ds. H.F. Schoon ingewoon het.
- 1895 - Die veertienjarige Ernest het na drie jaar standerd sewe geslaag. Hierna was hy vir twee jaar die enigste Afrikaanse skolier wat onderwys aan Durban Boys' High ontvang het.
- 1897 - Slaag die Cambridge Local Examination.
- 1898 - Slaag die matrikulasie-eksamen.
- 1900 - Weens siekte en die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het hy eers in Desember 1900 die Intermediêre Sertifikaateksamen geslaag.
- 1901 - Deur ywerige privaatstudie aan die Universiteit van Kaapstad het hy deur aanmoediging en hulp van sy eertydse skoolhoof, mnr. Nichols, in een jaar die B.A.-graad verwerf.
- 1902 - Jansen het hom in Mei 1902 as klerk by die prokureursfirma Hathorn en Kie. in Pietermaritzburg ingeskryf, om hom in die regte te bekwaam.

- 1904 - Slaag LL.B.-Preliminêr (privaatstudie).
- 1905 - Verwerf die LL.B.-graad.<sup>3)</sup>
- Die eerste tekens van 'n ontluikende volksgevoel in die geleedere van die Natalse Afrikaners het sedert 1905 voorgekom. E.G. Jansen was een van 'n klein groepie manne wat leiding in die kultuurstryd geneem het.<sup>4)</sup>
- 1906 - Toegelaat om as prokureur te praktiseer.
- Op 30 Junie is adv. Jansen as sekretaris van die Pietermaritzburgse Boerevereniging gekies. 'n Pos wat hy tot 1911 sou beklee.<sup>5)</sup>
- 1908 - Tot die Balie toegelaat, waarna hy tot 1910 vir sy eie rekening in Pietermaritzburg gepraktiseer het.
- Op 29 Februarie 1908 het adv. Jansen voorsitter van die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging geword.<sup>6)</sup>
  - Adv. Jansen is op 23 April as sekretaris van Het Kongres, die oorkoepelende liggaam van die Natalse Boereverenigings, verkies.<sup>7)</sup>
  - Op kerklike gebied het hy as Sondagskoolonderwyser, orrelis en diaken van die N.G.-Voortrekkergemeente van Pietermaritzburg gedien.<sup>8)</sup>
  - In Augustus 1908 het adv. Jansen die eerste poging aangewend om die nagedagtenis van die Voortrekkers te vereer. Dit het vir hom in 'n lewenstaak ontwikkel.<sup>9)</sup>

- Adv. Jansen het in Oktober 1908 die mede-redakteur van die eerste naoorlogse Hollandse tydskrif in Natal, **De Kondschapper**, geword.<sup>10)</sup>
- Ten tye van 'n kerkraadsvergadering van die N.G.-Voortrekkergemeente in Pietermaritzburg op 19 Desember 1908, is adv. Jansen op 'n komitee benoem om die Geloftekerkie vir die volk terug te koop. As een van drie trustees het hy as lid van die Voortrekkerkerkkommissie en die Voortrekkermuseumkomitee gedien. Tot met sy dood het hy as ere-voorsitter van die Voortrekkermuseumraad opgetree.<sup>11)</sup>
- 1909 - Stigterlid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, en een van die leidende Natalse taalhandhawers.<sup>12)</sup>
- Adv. Jansen is na slegs drie jaar se gemeenskapsbetrokkenheid vir die vakante Melmothvakature vir die Natalse Volksraad aanbeveel. Hy het dit van die hand gewys, maar verklaar dat hy bereid was om later vir die Unievolksraad te staan.<sup>13)</sup>
- Adv. Jansen en lede van die Voortrekkermuseumkomitee in Pietermaritzburg het sedert September 1909 die ideaal gekoester om 'n monument ter ere van Piet Retief en ander Voortrekkerleiers langs die Geloftekerkie op te rig. Die ontplooiing van die ideaal, om 'n Voortrekkergedenkteken op te rig, het vir adv. Jansen bykomende kultuurwerk op nasionale vlak meegebring.<sup>14)</sup>
- 1910 - Adv. Jansen het op 29 Maart die eerste voorsitter van 'n Natalse Debatsunie geword.<sup>15)</sup>
- Hy was nog steeds sekretaris van Het Kongres wat gedurende Meimaand na De Natal Volksvereniging herdoop is.<sup>16)</sup>

- Hy is ook versoek om hom vir die algemene verkiesing van Mei 1910, in die kiesafdeling Dundee, verkiesbaar te stel. Adv. Jansen het dit van die hand gewys en verklaar dat hy vir 'n latere geleentheid sou wag, wanneer hy ryper aan kennis en ervaring is.<sup>17)</sup>
- In 1910 het adv. Jansen by H. Murray aangesluit en hulle prokureursfirma het as Murray en Jansen bekend gestaan. Die vennootskap het tot 1917 geduur.<sup>18)</sup>
- In 1910 het Martha Mabel Pellissier, die dogter van Samuel Pellissier en kleindogter van die Franse sendeling Jean Pierre Pellissier, in Pietermaritzburg by die Girls Collegiate School begin skoolhou. Vir twee jaar het die Vrystaatse nooi (te Bethulie gebore), wat haar B.A.-graad aan die Hugenate Kollege, Wellington verwerf het, haar aan die onderwys gewy. Sy het later ook 'n lektrisepos aan die Pietermaritzburgse Opleidingskollege beklee.<sup>19)</sup>
- 1911 - Adv. Jansen het op 23 Junie, met die ontbinding van De Natal Volksvereniging, die sekretaris van 'n Sentrale Komitee geword wat die Suid-Afrikaanse Party (SAP) op provinsiale vlak in Natal georganiseer het. Hy het tot 1915 die pos van provinsiale sekretaris van die SAP in Natal beklee.
- Adv. Jansen is op 21 November 1911 op die Hoofkomitee van die SAP verkies.<sup>20)</sup>
- 1912 - Op 20 Februarie 1912 het adv. Jansen met mej. Mabel Pellissier in die huwelik getree.<sup>21)</sup>
- Adv. Jansen het in Mei 1912 'n briefwisseling insake die oordrag van die Voortrekkermuseum (Geloftekerkie) aan

die regering begin. Dit sou 24 jaar duur voordat hy die transporterings van die eiendom na die Departement van Binnelandse Sake afgehandel het.<sup>22)</sup>

- 1914 - Lid van die Pietermaritzburgse Waaksaamheidskommissie wat sedert Mei 'n taalgelykheidsprotesbeweging in die Natalse onderwys gevoer het.<sup>23)</sup>
- Adv. Jansen word die mederedakteur van **De Bode**, 'n godsdienstige en geskiedkundige halfmaandelikse nuusblad, wat sedert Junie 1914 tot Mei 1915 in Natal verskyn het.<sup>24)</sup>
- 1915 - Op 24 Junie is adv. Jansen as Nasionale Partykandidaat vir die Umvotikiesafdeling benoem. In die algemene verkiesing van 20 Oktober is hy met 143 stemme deur oud-minister sir George Leuchars verslaan.<sup>25)</sup>
- 1916 - Hy is op 25 April tydens die tweede kongres van die Natalse Nasionale Party as een van die veertien Sentrale Bestuurslede verkies. Hy is ook as een van drie Natalse verteenwoordigers op die eerste Federale Raad van die Nasionale Party verkies.<sup>26)</sup>
- 1917 - As uitgesproke voorstander van moedertaalonderwys, het hy sedert die eerste Natalse Taalkongres in Januarie op die Hoofkomitee van die invloedryke Organisasie van Hollandse Taalvriende gedien.<sup>27)</sup>
- Adv. Jansen het op 24 Mei 1917 die voorsitter van die eerste lewenskrachtige kultuurfederasie in Natal geword. Die Saamwerk-Unie van Natalse Verenigings (SU) het vir sewe jaar onder sy voorsitterskap gestaan.<sup>28)</sup>

- Die Hoofbestuur van die Saamwerk-Unie het op 19 Julie 1917 twee afsonderlike taaleksamens van stapel gestuur. Die omstrede maar tog byderwetse gedagte om die eerste Afrikaanse taaleksamen in Suid-Afrika in te stel, het 'n stryd met die Taalbond ontketen. Adv. Jansen het die twispunt in 1928 opgelos.<sup>29)</sup>
  
- Vanaf 1917-1920 was adv. Jansen, as voorsitter van die Saamwerk-Unie en as Advieskomiteelid van die Nasionale Pers in Natal, gemoeid met die eerste pogings om 'n eie tydskrif vir dié kulturfederasie uit te gee.<sup>30)</sup>
  
- Adv. Jansen en mnr. F.W. van Reenen het gedurende 1917 die Afrikaner Drukkery Beperk, namens die Natalse Nasionale Party, by die Herschensohnnfamilie gekoop. Op hierdie wyse het **Die Afrikaner** die amptelike mondstuk van Natalse Nasionale Party geword.<sup>31)</sup>
  
- 1918 - Die Jansenegpaar se enigste kind, Erns Louis Jansen, is op 27 Junie 1918 gebore.<sup>32)</sup>
  
- 1919 - Adv. Jansen is op 4 Januarie as voorsitter van 'n Nasionale Partytak in Pietermaritzburg verkies.
  
- Op 16 Januarie 1919 is hy en mnr. A.T. Spies as verteenwoordigers van Natal op die Nasionale se Vryheidsdeputasie verkies.<sup>33)</sup>
  
- Hy het sedert Desember 1919 vir ongeveer 15 maande die redakteurspos van **Die Afrikaner** beklee.<sup>34)</sup>
  
- 1920 - Hy is gedurende Januarie 1920 op die Raad van die Natalse Universiteitskollege verkies.<sup>35)</sup>

- Gedurende Januarie 1920 het hy verklaar dat hy die Vryheidse setel in die komende verkiesing sou beveg, indien hy genomineer sou word. Genl. J. Cheere Emmett het op 10 Maart die setel met 'n meerderheid van 81 stemme verower.<sup>36)</sup>
- Tydens die sesde jaarkongres van die Natalse Nasionale Party op 20 Oktober is adv. Jansen as die eerste provinsiale Partyleier van Natalse Nasionale verkiees.<sup>37)</sup>
- 1921 - Adv. Jansen het tydens die algemene verkiesing van 8 Februarie die Vryheidse setel met drie stemme verower. As enigste Nasionale Party Volksraadslid in Natal en as Provinsiale Leier het hy 'n leidende rol gespeel om die saak van die Nasionale in Natal te vestig.<sup>38)</sup>
- 1923 - Hy is deur die Akademieraad as konvenor van die Waaksaamheidskommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie verkiees.<sup>39)</sup>
- 1924 - Adv. Jansen het tydens die algemene verkiesing op 17 Junie sy setel met 'n meerderheid van 176 stemme behou.
  - Die 43-jarige adv. Jansen is gedurende Julie as die Volksraad se jongste speaker verkiees.<sup>40)</sup>
- 1926 - Adv. Jansen het sedert Februarie 1926 hom begin beywer om samewerking van alle Voortrekkermonumentkomitees te verkry. Die Voortrekkermuseumkomitee het gedurende Augustus 1930 die amalgameringspoging aan adv. Jansen toevertrou, wat in 1931 tot die stigting van die Sentrale Volksmonumentekomitee gelei het.<sup>41)</sup>
- 1928 - Adv. Jansen het as leier opgetree van 'n groep parlementariërs wat Kanada besoek het.<sup>42)</sup>

- 1929 - Hy het tydens die algemene verkiesing op 12 Junie sy setel met 'n meerderheid van 331 stemme behou.
- Vanaf 18 Junie 1929 tot 30 Maart 1933 het adv. Jansen as Minister van Naturellesake in genl. Hertzog se tweede kabinet gedien.
  - Hy is ook op 10 Oktober weer as Provinsiale Leier van die Natalse Nasionaliste herkies.<sup>43)</sup>
  - Hy was ook een van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge se stigterslede.
- 1931 - Adv. Jansen se voorsitterskap van die Sentrale Volksmonumentekomitee het sedert April 1931 landswye erkenning as kultuurleier aan hom verleen. Die realisering van die Voortrekkermonumentideaal was die komitee se doelwit. Adv. Jansen het dié grootse missie met onderskeiding gelei.<sup>44)</sup>
- 1933 - Adv. Jansen is nie in die koalisiëkabinet opgeneem wat op 30 Maart aangekondig is nie.
- Tydens die verkiesing van 17 Mei het hy as Nasionale Party-koalisiëkandidaat sy setel met 1 877 stemme behou.
  - Op Vrydag 26 Mei is hy weer as speaker van die Volksraad verkies.<sup>45)</sup>
- 1937 - Adv. Jansen het gedurende 1937-1938 as die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie opgetree.<sup>46)</sup>



